
# Eldo-Gespreksgids

## Markus 5

In **Markus 5:24b-34** lees ons van die ryk emotiewe verhaal oor die vrou met bloedvloeiing. Hierdie siekte het behels dat haar menstruele siklus langer sou aanhou as 'n gewone vrou s'n, tot op die punt waar dit bloei sonder ophou. *Nog meer* het sy vir *12 jaar lank* al daaraan gely. *Nog meer* was sy alleen in die wêreld sonder 'n man, pa, of gesin om haar te ondersteun – wie wil moes nou 'n vrou en dogter hê wat onvrugbaar is? *Nog meer* was sy arm gewees omdat dit moeilik was vir 'n enkellopend vrou om werk te kry in daardie tyd en het sy klaar al haar besittings verkoop vir medikasie. *Nog meer*, het die medikasie nie gewerk nie, want haar kondisie het net nog erger geword. *En nog meer* was sy deur die Joodse wet as onrein verklaar en wou niemand in die gemeenskap daarom aan haar vat of iets met haar te doen hê nie. Sy was vermy soos die plaag. Dink net die emosionele trauma en seer wat die vroue ervaar het? *MAAR* tog sien Jesus haar raak. Hy genees haar nie net nie, maar vat ook aan haar (sy wat onrein is), en noem haar sy dogter, voor die hele groot skare. Waar sy in die skadu van die samelewing gewoon het, het Jesus haar in die voorgrond gesit. Hoe pragtig is die verhaal nie? Gaan kyk gerus na die video (kliek HIER) van *The Chosen* wat hierdie verhaal so pragtig vertolk.



En hierdie verhaal leer ons twee goed: iets van ons Here en iets van wat dit behels om 'n Christen te wees. Eerstens leer dit ons dat Jesus ons raak sien in die lewe en ons trooster is. Baie keer voel ons soos die vrou waar dit voel ons is alleen in die grote wêreld: mense vermy ons. Ons vriende, kinders, ouers bly ver. Ons is dalk siek en word nie gesond nie. Of ons ervaar dalk finansiële stres en weet nie hoe die rekeninge betaal gaan word nie. Maar dis hier waar Jesus in kom en wys, Hy sien ons raak. Hy sien ons seer raak. En Hy is die een wie ons troos. Soos die Psalms ons altyd so mooi herinner, "Hy is ons rots, ons bergvesting, die een by wie ons kan skuil". Tweedens, en dit sluit aan by die eerste punt, leer die verhaal ons dat ons die moed moet hê om na God toe te gaan. Ten spyte van wat die implikasie van haar aksies mag wees, het die vrou desperaat na Jesus toe gegaan en toe ook nog voor almal "bewend van vrees" erken dit was sy wat Jesus onrein gemaak het. Maar deur hierdie moed was sy genees van haar siekte en het sy haar Trooster gevind. Dis nie noodwendig omdat haar geloof sterker is as ander of dat sy harder gebid het dat sy gered is nie. Geloof bly geloof. Mens kan dalk meer toegewyd wees in jou geloof, maar jy kan nie minder of meer in God glo nie. Mens glo of jy glo nie. So wat het dan uit gestaan in die verhaal van die vrou? Haar *moed*. Haar moed om na God toe te gaan. En net so moet ons ook die moed hê om na Hom toe te gaan. Of anders gestel, ons moet die vrymoedigheid hê om ons hart voor God oop te maak. So, gaan na God toe in jou seer. Bid kliphard, konfronteer selfs dalk vir God oor hoekom dinge is soos wat dit is, bars uit in trane as jy moet, pak af by God. Jy mag dit doen. Laat jouself toe om die seer te voel. Moet dit nie geberg hou nie. Ons situasie gaan dalk nie verander nie, maar dit gaan ons die krag gee om dit weer opnuut aan te pak, en dalk weer opnuut te soek vir oplossings. So laat ons eerlik ons gevoelens met God deel.

## Gespreksvrae

1. Wat staan vir jou uit van die verhaal oor die vrou met bloedvloeiing?
2. Wat behels dit om moed te hê voor God? Kan daar sekere (dalk goeie?) implikasies wees om moed te hê in geloof?
3. Wat beteken dit as ons sê "God sien my raak"?
4. Hoe kan ek herinner word, veral in moeilike tye, dat God by my is en my troos?

ELDORAIGNE FAMILIEKERK

Hiér maak JY saak